| | | | |
|---|---|---|---|
| **Date:** | Monday, December 4, 2006 | **Time:** | 08:14 PM |
| **To:** | Andre Zandi | | |
| **Company:** | Tswelopele Environmental | | |
| **Fax Number:** | 0117873059 | | |
| **From:** | Mnr DR Fourie | | |
| **Subject:** | Bou van Kraglyn | | |

**Total Number of Pages (including cover):** 4

**Memo:** Aangehe skrywe oor bekommernisse aangaande bou van kraglyn

---

**If all pages were not received, please call back immediately: 0548330377**

Mnr D.R. Fourie
Plaas Bloubos
Posbus 56
GROBLERSHOOP
8850

Mnr Andre Zandi
Tswelope Environmental
E-pos: andre@eims.co.za
Tel: 011-7897170
Faks: 011-7873059
Posbus 2083
PINEGOWIRE
2323

**<u>KOMENTAAR EN PROBLEME MET DIE BOU VAN DIE KRAGLYN OOR MY GROND</u>:**

Hoofpunte wat my pla:

1. Daar was geen spesialiste by my op die plaas nie.
2. Erosie implikasie
3. Dewardasie van my grond
4. Moontlike verandering van natuurlike waterlope
5. Voëllewe wat bedreig word
6. Verlies van by inkomste en ingevaar stel van my en my werkers se lewens (jong perde)
7. Ekonomiese verliese

1. Daar was geen spesialiste by my op die plaas nie, en dus is ek nie bewus van enige studie wat by my of enige van die belanghebbendes gedoen is nie. Dus weet ek nie watter grondige rede aangevoer kan word vir die bou van die lyn nie. Daar is dele op my plaas wat, indien dit gereën het, weke lank nie met 'n voertuig bereik kan word nie, dus bekommer dit my dat die dele nie die lyn sal kan dra nie, en dus na 'n kort tyd kan kantel en omval.
   Daar is ook 'n groot sloot wat feitlik jaarliks sy walle oorstroom en die helfte van die vlakte natlei.

2. Daar is baie rante in die gebied waar daar beoog word om die lyn te bou, indien dit sterk reën gaan die dienspaaie verspoel en erosie slote veroorsaak. Gaan julle die paaie instand hou, asook die gebiede wat geaffekteer word.. Spoorweë kry dit nie eens reg nie so ek weet nie of julle die pyp gaan rook nie.

3. Met die bou van nog 'n struktuur deur my grond gaan julle ook die waarde van my grond verminder as gevolg van die feit dat toekomstige boere nie verged word vir die verlies aan veegrond nie en dus afgetrek word by die koopsom. Verder verhoog julle ook die gevaar van diefstal met nog 'n dienspad deur die gebied wat alreeds getuister word deur diefstal. Dit is ook amper een van die enigste gebiede waar daar op Blous en Sonop met skaap geboer kan word, en die oprig van 'n kraglyn gaan die gebied net nog verklein.

4. Die kraglyn en dienspad wat julle wil oprig loop in die teenoorgestelde rigting as die natuurlike lope. Wat die water van die opvangs gebied af na die vloedvlakte onder die opvangs gebied is. Dus kan dit gebeur dat water met die dienspad saam loop en dus in die verkeerde rigting loop. Dus nie deeglike benatting van die grond nie en verlies aan plantmateriaal en verlies aan drakrag.

   Die grondwatertafel ka nook afneem en boorgate opdroog as gevolg van verskuiwing van waterbron, nie eens gepraat van verbrakking nie.

5. Daar kom baie bedreigde voël- en dierlewe by my op die plaas voor, veral oor die gebied waar die lyn langs gebou gaan word, bv. Grompoë, Arende, Valke, Bergkoneine en bergskilpaaie.

6. Ek is ook 'n jong boer wat life is vir perde en ek lei ook perde op vir ander mense. Jy kan nie 'n perd oplei indien jy hom nie kan ry nie. Ek bekamp ook my diefstal deur my lyndrade met die perd n ate ry. Weens die feit dat die kraglyn 'n soomgebied afgee, wil die perde nie maklik daaronder deur nie, en sommige begin spring wat lewens gevaarlik vir ruiter en perd as 'n men sky na die terein en boonop is daar nog staal konstruksies en ankerdrade waarteen die perd kan vashardloop. Dus word my bedrywighede op die plaas ingeperk, wat dus ook bydra tot die verlies van inkomste en tyd.

7. Indien ek dalk ook sal beluit om by Mnr. Van Wyk en Mnr. L Kotze in te skakel by die wildbedryf, gaan hulle my nie aanvaar nie omdat die kraglyn 'n visuele nadeel is.

   Verder wie gaan my verged vir die verliese indien 'n hek oopgelos word en my vee op die pad beland. Verder wie is verantwoordelik vir verliese gelei a.g.v veediefstal tydens die bou van die lyn.

   Staalkonstuksies trek weerlig aan en kan lei tot veldbrande, of vee wat deur werlikg getref word onder of langs die lyn. Die weerlig kan die kraglyn beskadig en die lyn kan op die grond val en van my diere doodskok of my veld aan die brand steek. Wie se verantwoordelikheid is dit.
   Wat van die veld wat vertrap word deur voertuie tydens die bou van die lyn. Berg en rante veld is baie sensitief en beskadig maklik en herstel moeilik.

Beantwoord asseblief my vrae met meer geplisserde antwoorde nadat 'n spesialis op die gebied my op die plaas besoek het.

Die uwe

Mnr D R Fourie
0724321051